# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

**Lees elke keer deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Vraag 1 : ARTIKEL 1

**'n Geskrum oor geld en mag**







**Suid-Afrikaanse rugby is in die moeilikheid – op én van die veld af.**

**Op die veld het die Bokke vanjaar hul eerste toets onder 'n nuwe afrigter en kaptein verloor en in hul eerste wedstryd in die Rugbykampioenereeks kwaai gesukkel teen Argentinië, wat maar negentiende op die wêreldranglys is.**

**Ons spanne het vasgeval in die Superreeks, met net die Leeus wat iets kon doen, terwyl pawiljoene leegloop. En die stroom talentvolle en ervare spelers wat groener weivelde in Engeland, Frankryk en Japan gaan soek, word ál groter.**

**Maar dis van die veld af dat die situasie veral baie sleg is. Oregan Hoskins het as president van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) bedank, want hy en Jurie Roux, Saru se uitvoerende hoof kon nie oor die weg kom nie.**

**Die Universiteit van Stellenbosch (US) dagvaar Jurie vir skadevergoeding van meer as R35 miljoen én die Valke doen 'n misdaadondersoek na hom. Oregan wou hê Jurie moes geskors word vir hierdie dinge, maar dit het nie gebeur nie.**

**Groot borge het ook van rugby onttrek en die Springbokke het nie meer miljoen rande wat van maatskappye soos ABSA en BMW af kom nie.**

**Dit is Jurie wat rugby se daaglikse bestuur behartig, soos geldsake en borgskappe, saam met sy uitvoerende komitee.**

**Al wat Suid-Afrikaners eintlik wil doen, is om op 'n Saterdagmiddag rugby te kyk. Ons hoop dinge word gou opgelos en ons kan ons geliefde span weer sien wen...**

**Effens verkort uit: *Huisgenoot*, 1 September 2016**

**VRAE:**

1.1 By watter groot rugby kampioenskappe het die Springbokke baie sleg gedoen? Noem een. 1

1.2 Hoekom was almal ontsteld dat ons so teen Argentinië gesukkel het? Haal sewe opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

1.3 Watter Suid-Afikaanse provinsiale span het goed gedoen in die Superreeks? 1

1.4 Kies die korrekte antwoord vir die volgende sin. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord.

**Die pawiljoene het leeggeloop, beteken ...**

A. al die koeldrank het op die pawiljoene uitgeloop.
B. al die mense het vroeg huis toe gegaan.
C. daar was niks by die rugbywedstryde om te drink nie.
D. mense gaan nie meer rugby toe nie, want die spanne doen so sleg. 1

1.5 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.
Om groener weivelde te soek, beteken **(jy hou van groener gras/ jy dink dit sal beter met jou gaan op 'n ander plek).** 1

1.6 Skryf een van die lande neer waar ons rugbyspelers verkies om te gaan rugby speel. 1

1.7 Wie is Oregan Hoskins? Wees spesifiek in jou antwoord. 1

1.8 Verduidelik wat Saru is. 1

1.9 Met wie het Oregan baie baklei? Gee die persoon se naam en van. 1

1.10 Noem een van die slegte dinge wat in hierdie persoon se lewe gebeur het. 1

1.11 Wat wou Oregan hê moes met hierdie persoon gebeur? 1

1.12 Watter twee groot borge het uit SA Rugby onttrek? 2

**1.13 Jurie neem alleen al die besluite vir "rugby".**

1.13.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1

1.13.2 Gee ‘n rede vir jou antwoord deur uit die stuk aan te haal. 1

1.14 Noem een ding, volgens die stuk, wat Suid-Afrikaners op ‘n Saterdag wil hê. 1

[16]

**Vraag 2: Artikel 2**

**‘Mammie, kyk, my hand is weg’**



**“Een, twee, drie, vier, vyf ...”**
**Een vir een steek Kosie Wessels (7) sy regterhand se vingers in die lug op. “Ek het nou net vyf vingers. Nie meer 10 nie. Juffrou kan nie meer sê ek het 10 vingers nie, want ek het net vyf.**

**Amper half vergete rus sy linkerarm op die verslete bank se leuning. Waar sy hand was, is nou net ‘n wit verband om die stompie gedraai.**

**Die week tevore het Kosie nog saam met sy gr. 1-maats by die Laerskool Piet Hugo in Polokwane op sy vingers tot 10 getel. Maar Saterdagmiddag, 3 September, het alles skielik verander. Die oggend het Kosie en sy suster, Bianca Wessels (11) in en om die huis gespeel terwyl hulle ma, Caroline Strydom (40), huis skoongemaak het.**

**Teen die middag is Bianca na haar ouma toe wat in ‘n woonstel op dieselfde erf bly. Kosie het iets gesoek om hom mee besig te hou en dit in sy ouer suster, Annabella Strydom (17) se kamer gekry – ‘n bomklapper (big bomb cracker) wat Annabella verlede jaar gekoop het. Sy het dit in haar kas, in haar kamer, wat gewoonlik gesluit is, gebêre.**

**Maar daardie middag was die kamer oop, want haar ma wou daar skoonmaak. Met die klapper in sy linkerhand en vuurhoudjies in sy regterhand het Kosie na die televisiekamer gehardloop. Daar het hy gaan**

**stilstaan, ‘n vuurhoudjie getrek en die klapper met die vlam aangesteek. Dit het in sy linkerhand ontplof.**

**“Ek het net blou en rooi gesien,” vertel Kosie skaam.**

**Caroline het die slag gehoor en toe haar jongste kind wat histeries skree. Toe sy by hom kom, was sy hempie in vlamme gehul. Kosie het dit probeer doodslaan met sy regterhand en die een vinger wat nog aan ‘n velletjie aan sy linkerhand gehang het.**

**Toe kyk die blouoogseun na sy ma op en sê die woorde wat die gesin se lewe vir altyd sou verander: “Mammie, kyk, my hand is weg.”**

**Effens verkort uit: *Huisgenoot*, 22 September 2016**

Vrae:

2.1 Wat maak Kosie anders as ons almal? Haal ‘n sin aan as antwoord. 1

2.2 In watter graad is Kosie? 1

2.3 Wat het Kosie se ma die Saterdag gedoen terwyl Kosie en sy sussie gespeel het? 1


2.4 In wie se kamer het Kosie die bomklapper gekry? Gee die persoon se naam en van. 1

2.5 Wat het Kosie verkeerd gedoen dat die klapper hom so seergemaak het? 1

2.6 Haal die sin aan wat hierdie gesin se lewens heeltemal verander het. 1

[6]

## Vraag 3: Statistieke




Vrae:

| | |
|---|---|
| 3.1 Noem die twee gewildste koffievariëteite wat mense drink. | 2 |
| 3.2 Hoeveel koppies koffie drink al die mense oor die hele wêreld elke dag? | 1 |
| 3.3 Hoeveel koffiebone word benodig om een koppie koffie te maak? | 1 |
| 3.4 a. Wanneer drink die meeste mense koffie? | 1 |
| b. Gee die persentasie van hoeveel mense daardie tyd van die dag koffie drink. | 1 |
| 3.5 Wat is die mees waardevolle verhandelde kommoditeit in die wêreld? | 1 |
| 3.6 Hoeveel miljoen sakke koffie is hierdie jaar teen Augustus oor die hele wêreld uitgevoer? | 1 |
| | [8] |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4**

**INSTRUKSIES:** Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke vir **gesonde eetgewoontes** neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES**

1. Dit is belangrik om jou dag met 'n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, 'n 21% groter kans het om diabetes te kry.

2. Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder.

3. Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem.

4. Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamines, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir 'n gesonde lewenstyl is.

5. Drink genoeg water; 6 – 8 glase is 'n goeie riglyn. Baie mense hou nie van water nie, maar jy kan aanleer om dit te drink.

6. Probeer om jou vetinname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieët, maar te veel vet kan lei tot bloedvat- en hartsiektes.

7. Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is.

[Verwerk: *Lig*, Julie 2013]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

5.1 As jy aanbod 1 kies, watter twee dinge sal jy verniet kry? 2

5.2 Watter firma word hier geadverteer? 1

5.3 Skryf R1 300 uit in woorde. 1

5.4 Vul die ontbrekende **VOORSETSEL** in die oop spasie:

Met hierdie aanbod, beskerm jy jou gesin ____ skelms. 1

5.5 Vul die ontbrekende **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE** in:

Die man tel ____ seuntjie op, want ____ huil. 2

5.6 Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** en skryf dit neer:

Die seuntjie (wie/wat) se ma beseer is, huil baie. 1

5.7 Gee die **TRAPPE VAN VERGELYKING** vir die woord in hakies:

Aanbod 1 is (goed) as aanbod 2. 1

5.8 Gee die **INTENSIEWE VORM** vir die woord in hakies:

Die kind wou (baie graag) by sy ma wees. 1

[10]

## VRAAG 6: STROKIESPRENT

Die vrae wat volg is op die strokies hieronder gebaseer

6.1 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woord in hakies.

6.1.1 Die (onderwyseres) is baie kwaad in raampie 2. 1

6.2 Voltooi die volgende **VERGELYKING**.

6.2.1 Dit is so seker as ___ dat Neelsie Wiskunde gaan druip. 1

6.3 Gee die **AFKORTING** vir die onderstreepte woorde of skryf die afkorting uit.

6.3.1 Neelsie ken nie die <u>antwoord</u> van die som nie. 1

6.3.2 Hy het <u>a.g.v.</u> sy lae Wiskunde punte gedruip. 1

6.4 Gee die **MEERVOUD** van die woord in hakies.

6.4.1 Neelsie het net twee (hemp) wat hy skool toe dra. 1

6.5 Gee die **VERKLEINWOORD** vir die woord in hakies.

6.5.1 Neelsie kon nie eens die klein (som) doen nie. 1

6.6 Vul die **INFINITIEF** in die sin in.

6.6.1 Neelsie behoort hard vir die eksamen ___ leer. 1

6.7 Kies die korrekte antwoord uit die **WOORDE WAT VERWAR**.

6.7.1 Neelsie sê hy kan Wiskunde doen, hy (**weet/ken)** net nie die antwoorde nie. 1

6.8 Gee die korrekte vorm van die **BYVOEGLIKE NAAMWOORD** in hakies.

6.8.1 Neelsie het nie baie (hoog) punte vir Wiskunde nie. 1

6.9 Kyk na raampie 2. Hoe weet ons Meneer is kwaad? Verduidelik. 1

[10]

## <u>VRAAG 7: GRAPPIES</u>

Die vrae wat volg is op die grappies hieronder gebaseer.

**<u>Lag- ‘n- Slag!</u>**

(7.1) Jannie kyk hoe sy tannie poeier op haar baba gooi.

(7.2) Jannie: “Tannie moenie sleg voel nie, want ons hond het ook baie vlooie.

[http://herriemerrie.wordpress.com/sms-aasnes/lag-‘n-slag]

(7.3) Pa kyk hoe sy dogtertjie met die hond speel en iets in Wagter se mond druk.

“Wat doen jy, my kind?” vra hy.

(7.4) “Ek borsel sy tande,” antwoord sy. “Maar Pa hoef nie bekommerd te wees nie; ek sit altyd Pa se tandeborsel terug waar ek dit gekry het.”

[*Huisgenoot*, 3 Oktober 2013]

(7.5) Twee ou mans sit op ‘n bankie in die park.

(7.6) “My boude is nou aan die slaap van die gesit,” sê die een omie later vir die ander.

(7.7) “Ja,” antwoord die tweede oom, “Ek het hulle ‘n paar keer hoor snork.”

[*Huisgenoot,* 22 September 2016]

(7.8) Hoekom maak die blondine net een veter vas?

Want op die skoen staan: “Taiwan.”

[*Huisgenoot*, 22 September 2016]

7.1 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNENDE VORM.**

**Jannie kyk hoe sy tannie poeier op haar baba gooi.** 1

7.2 Skryf die volgende sin oor, maar vervang die **VOEGWOORD** “want” met “omdat”. Skryf die hele sin uit.

Tannie moenie sleg voel nie, **want** ons hond het ook baie vlooie. 1

7.3 Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD.**

**Die dogtertjie het ‘n tandeborsel in haar hand.** 1

7.4 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM**.

**Die kind borsel Wagter se tande.** 1

7.5 Vul die korrekte **LEES-EN-SKRYFTEKENS** in die volgende sin in. Skryf die sin oor.

**die een omie se my boude is nou aan die slaap** 1

7.6 Skryf die volgende sin oor in die **INDIREKTE REDE.**

**Die tweede omie sê: “Ek het hulle hoor snork.”** 1

7.7 Skryf die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE** oor.

**Die blondine (vasgemaak, een veter, het, gereeld).** 1

7.8 Skryf die volgende sin oor in die **VERLEDE TYD.**

**Jannie se hond het baie vlooie.** 1

7.9 **STEL DIE VRAAG** waarvan die onderstreepte deel die antwoord is. Skryf die hele sin oor.

**Die blondine maak net een veter vas.** 1

7.10 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** in hakies. Skryf die sin oor.

**Die meisie is dom. Die blondine is dom. (óf ...óf)** 1

[10]

**VRAAG 8: PRENT**

Die vrae wat volg is op die prent hieronder gebaseer.

8.1 Kies die antwoorde uit die woordblok en skryf die nommer en antwoord neer.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T-hemp | pik | bril | van | dig | bloes | eet | brille | met | dik |

8.1.1 Die duiwe ... die kos op die grond. 1

8.1.2 Die eekhoring praat ... die man. 1

8.1.3 Die man het ‘n ... op sodat hy beter kan sien. 1

8.1.4 Die man het ‘n ... onder sy baadjie aan. 1

8.1.5 Die bosse agter die man, is baie ... 1

8.2 Voer die instruksies uit:

8.2.1 Gebruik die onderstreepte woord in ‘n sin sodat die woord ‘n ander betekenis het. 1

Die man sit op ‘n **bank**.

8.2.2 Skryf die volgende sin oor in die **ONTKENNENDE VORM.**

**Die duif het al geëet.** 1

8.2.3 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde in hakies.

**Die pakkie in die man se hand is (baie vol) grondboontjies.** 1

8.2.4 Skryf die woord in hakies in die **OORTREFFENDE TRAP.**

**Die duif is die (tevrede) met die situasie.** 1

8.2.5 Gee die **VERKLEINING** van die woord in hakies.

**Die klein (eekhoring) sê hy kan nie praat nie.** 1

[10]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**SOMTOTAAL: 80 PUNTE**